Government Gazette
Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Regulation Gazette **No. 7809** *Regulasiekoerant*

Vol. 460 **Pretoria, 31 October / Oktober 2003** **No. 25644**

AFRIKAANS

25644
9771682584003

AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure

INHOUD

No.		Bladsy No.	Koerant No.
	GOEWERMENTSKENNISGEWING		
Justisie en Staatkundige Ontwikkeling, Departement van			
Goewermentskennisgewing			
R. 1604	Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996: Reëls van die Konstitusionele Hof	3	25644

GOEWERMENTSKENNISGEWING

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE EN STAATKUNDIGE ONTWIKKELING

Die Afrikaanse teks van die Reëls van die Konstitusionele Hof is vervat in hierdie Volume van Staatskoerant No. ..... van ..... 2003 en volg hieronder. Vertalings van die Reëls van die Konstitusionele Hof in alle ander amptelike tale sal in opeenvolgende Volumes van Staatskoerant No. ..... van ..... 2003 gepubliseer word.

No. R. 1604 **31 Oktober 2003**

REëLS VAN DIE KONSTITUSIONELE HOF

Die Hoofregter van Suid-Afrika het ingevolge artikel 171 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika en artikel 16 van die Aanvullende Wet op die Konstitusionele Hof, 1995 (Wet No. 13 van 1995), die reëls vervat in die Bylae hiervan met betrekking tot die reëling van verrigtinge van en voor die Konstitusionele Hof met ingang van 1 Desember 2003 voorgeskryf.

BYLAE

INDELING VAN REëLS

Hierdie reëls word soos volg ingedeel:

Reël	Woordomskrywing (reël 1)
Deel I	Hof (reël 2)
Deel II	Griffier (reël 3 - 4)

Deel III	Voeging van staatsorgane (reël 5)
Deel IV	Partye (reël 6 - 9)
Deel V	*Amici curiae* (reël 10)
Deel VI	Aansoeke (reël 11 – 13)
Deel VII	Aangeleenthede binne die uitsluitlike jurisdiksie van die Hof (reël 14 - 17)
Deel VIII	Regstreekse toegang en appèlle (reël 18 - 21)
Deel IX	Gelde en koste (reël 22 - 23)
Deel X	Diverse bepalings (reël 24 - 36)
Bylae 1	Vorms
Bylae 2	Gelde

INHOUDSOPGAWE

NUMERIESE VOLGORDE

Reël No.	**BESKRYWING**
1	Woordomskrywing
2	Hof
3	Griffier se kantoorure
4	Algemene pligte van die Griffier
5	Voeging van staatsorgane
6	Verteenwoordiging van Partye
7	Verandering van Partye
8	Toetrede van Partye tot die verrigtinge
9	Volmag of magtiging om op te tree
10	*Amici curiae*

11 Aansoekprosedure

12 Dringende aansoeke

13 Betoog

14 Verwysing van 'n Wetsontwerp

15 Grondwetlike bestaanbaarheid van 'n Wet

16 Bekragtiging van 'n bevel van grondwetlike ongeldigheid

17 Sertifisering van 'n provinsiale grondwet

18 Regstreekse toegang

19 Appèlle

20 Prosedure by appèl

21 Bykomende inligting wat aan Griffier verstrek moet word

22 Taksasie van koste en prokureursgelde

23 Hofgelde

24 Biblioteek

25 Vertalings

26 Modelle, diagramme en bewysstukke

27 Terugtrekking van sake

28 Formaat van dokumente

29 Toepassing van sekere reëls van die Eenvormige Reëls

30 Toepassing van sekere artikels van die Wet op die Hooggeregshof, 1959 (Wet No. 59 van 1959)

31 Dokumente ingedien om feitelike gegewens te bespreek

32 Nie-nakoming van die reels

33 Tenuitvoerlegging: Artikel 3 van die Aanvullende Wet op die Konstitusionele Hof,

1995(Wet No. 13 van 1995)

34 Oorgangsbepalings

35 Herroeping van reëls

36 Kort titel

ALFABETIESE VOLGORDE

Onderwerp	**Reël No.**
Aansoekprosedure	11
Algemene Pligte van die Griffier	4
Amici curiae	10
Appélle	19
Bekragtiging van 'n bevel van grondwetlike ongeldigheid	16
Betoog	13
Biblioteek	24
Bykomende inligting wat aan Griffier verstrek moet word	21
Dokumente ingedien om feitelike gegewens te bespreek	31
Dringende aansoeke	12
Formaat van dokumente	28
Griffier se kantoorure	3
Grondwetlike bestaanbaarheid van 'n Wet	15
Herroeping ran reëls	35
Hof	2
Hofgelde	23
Kort titel	36

Modelle, diagramme en bewysstukke 26

Nie-nakoming van die reëls 32

Oorgangsbepalings 34

Prosedure by appél 20

Regstreekse toegang 18

Sertifisering van 'n provinsiale grondwet 17

Taksasie van koste en prokureursgelde 22

Tenuitvoerlegging: Artikel 3 van die Aanvullende Wet op die Konstitusionele Hof, 1995 (Wet No. 13 van 1995) 33

Terugtrekking van sake 27

Toepassing van sekere artikels van die Wet op die Hooggeregshof, 1959 (Wet No. 59 van 1959) 30

Toepassing van sekere reëls van die Eenvormige Reëls 29

Toetrede van Partye tot die verrigtinge 8

Verandering van Partye 7

Vertalings 25

Verteenwoordiging van Partye 6

Verwysing van 'n Wetsontwerp 14

Voeging van staatsorgane 5

Volmag of magtiging om op te tree 9

Woordomskrywing 1

1. Woordomskrywing

(1) In hierdie reëls het 'n woord of uitdrukking waaraan in die Grondwet 'n betekenis

geheg is, daardie betekenis, en tensy uit die samehang anders blyk, beteken -

"**aansoek doen**" aansoek doen by wyse van kennisgewing van mosie, en het "aansoek" 'n ooreenstemmende betekenis;

"**Adjunkhoofregter**" die Adjunkhoofregter aangestel ingevolge artikel 174(3) van die Grondwet;

"**balju**" 'n persoon aangestel ingevolge artikel 2 van die Wet op Balju's, 1986 (Wet No. 90 van 1986), en ook 'n persoon ingevolge artikel 5 of artikel 6 van daardie Wet aangestel as onderskeidelik 'n waarnemende balju of 'n adjunkbalju, en 'n balju, waarnemende balju of adjunkbalju aangestel ingevolge 'n wet wat nog nie deur 'n bevoegde gesag herroep is nie en onmiddellik voor die inwerkingtreding van die Grondwet van krag was in enige gebied wat deel van die nasionale grondgebied uitmaak;

"**beëdigde verklaring**" ook 'n bevestiging of 'n verklaring soos in artikel 7 van die Wet op Vrederegters en Kommissarisse van Ede, 1963 (Wet No. 16 van 1963) bedoel;

"**Eenvormige Reëls**" die reëls waarby die verrigtinge van die verskillende provinsiale en plaaslike afdelings van die hoë howe gereël word, gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 48 van 12 Januarie 1965, soos gewysig;

"**Griffier**" die Griffier van die Hof, en ook enige waarnemende of assistent-griffier van die Hof of, in hulle afwesigheid, enige persoon aangewys deur die Direkteur van die Hof;

"**Grondwet**" die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;

"**Hof**" die Konstitusionele Hof ingestel by artikel 166 (a) van die Grondwet, gelees met item 16 (2) (a) van Bylae 6 van die Grondwet;

"**hofdag**" enige dag wat nie 'n Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag is nie en by die berekening van 'n tydperk van dae by hierdie reëls voorgeskryf of in 'n hofbevel bepaal, word slegs hofdae ingesluit;

"**Hoofregter**" die Hoofregter van Suid-Afrika aangestel ingevolge artikel 174(3) van die Grondwet;

"**party**" of enige ander verwysing na 'n gedingvoerder, ook 'n regsverteenwoordiger wat namens 'n party verskyn, na gelang die samehang vereis;

'**President**' die President van die Hoogste Hof van Appèl;

"**Reëls van die Hoogste Hof van Appèl**" die reëls waarby die verrigtinge van die Hoogste Hof van Appèl gereël word, gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. R. 1523 van 27 November 1998;

"**regskliniek**" 'n sentrum vir die praktiese regsopleiding van studente aan die regsfakulteit van 'n universiteit in die Republiek en ook 'n regsentrum wat beheer word deur 'n

organisasie sonder winsoogmerk wat regsdienste kosteloos aan die publiek verskaf en gesertifiseer is soos bedoel in artikel 3(1)(f) van die Wet op Prokureurs, 1979 (Wet No. 53 van 1979);

"**regsverteenwoordiger**" 'n advokaat toegelaat ingevolge artikel 3 van die Wet op die Toelating van Advokate, 1964 (Wet No. 74 van 1964), of 'n prokureur toegelaat ingevolge artikel 15 van die Wet op Prokureurs, 1979 (Wet No. 53 van 1979);

"**regter**" 'n regter of 'n waarnemende regter van die Hof aangestel kragtens artikel 174 of 175 van die Grondwet, wat elders as in die ope hof sit; en

"**voorskrifte**" voorskrifte deur die Hoofregter gegee in verband met die prosedures wat gevolg moet word in die hantering en afhandeling van sake.

(2) Enige bevoegdheid of mag wat ingevolge hierdie reëls aan die Hoofregter verleen word, kan deur 'n regter of regters deur die Hoofregter vir daardie doel aangewys, uitgeoefen word.

(3) Enige verwysing in hierdie reëls na 'n party wat dokumente moet onderteken, word so uitgelê dat dit 'n verwysing na 'n regsverteenwoordiger wat sodanige party verteenwoordig, insluit, en 'n verwysing na die indiening van dokumente by die griffier, word so uitgelê dat dit die voorafgaande betekening van sodanige dokumente aan ander partye en die indiening by die griffier van 25 afskrifte van alle tersaaklike dokumente en 'n elektroniese weergawe daarvan wat versoenbaar

is met die programmatuur wat deur die Hof gebruik word, insluit.

(4) Kennisgewings, voorskrifte en ander mededelings ingevolge hierdie reëls kan per geregistreerde pos of faksimilee of ander elektroniese afskrif gegee of gedoen word: Met dien verstande dat, indien 'n kennisgewing of ander kommunikasie deur middel van 'n elektroniese afskrif gegee word, die party wat sodanige kennisgewing of kommunikasie gee onverwyld by die Griffier 'n harde kopie van die kennisgewing of kommunikasie moet indien, met 'n sertifikaat onderteken deur sodanige party wat die datum van sodanige kommunikasie of kennisgewing verifieer.

(5) Die Hoofregter kan enige tydsbeperking in hierdie reëls voorgeskryf, verleng.

(6) Skriftelike betoë, antwoorde en enige ander vertoë aan die Hof moet duidelik en bondig wees.

(7) Aansoeke moet leesbaar wees en in dubbelspasie-, tikskrifformaat op A4-grootte papier.

(8) Behoudens reël 5 is die bepalings van reël 4 van die Eenvormige Reëls, met sodanige veranderings as wat nodig is, van toepassing op die betekening van enige prosesstuk van die Hof.

DEEL I

2. Hof

(1) Daar is vier sittingstermyne in elke jaar soos volg:

15 Februarie tot en met 31 Maart;

1 Mei tot en met 31 Mei;

15 Augustus tot en met 30 September;

1 November tot en met 30 November.

(2) 'n Saak kan buite die termyn aangehoor word indien die Hoofregter aldus voorskryf.

(3) As die dag voorgeskryf vir die aanvang van 'n termyn nie 'n hofdag is nie, begin die termyn op die eersvolgende hofdag en, as die dag voorgeskryf vir die beëindiging van 'n termyn nie 'n hofdag is nie, eindig die termyn op die voorafgaande hofdag.

DEEL II

GRIFFIER

3. Griffier se kantoorure

(1) Die kantoor van die Griffier is van 08:30 tot 13:00 en van 14:00 tot 15:30 oop op hofdae.

(2) Die Griffier kan in buitengewone omstandighede dokumente buite kantoorure

ontvang en moet dit doen wanneer aldus deur 'n regter daartoe gelas.

4. Algemene pligte van die Griffier

(1) 'n Kennisgewing van appèl, 'n hofbevel waardeur enige aangeleentheid na die Hof deur 'n ander hof verwys word, of 'n ander dokument waardeur verrigtinge in die Hof ingevolge hierdie reëls ingestel word, word deur die Griffier met 'n volgnommer vir die jaar waarin dit ingedien word, genommer.

(2) Elke daaropvolgende dokument wat in so 'n saak of in enige daaruitspruitende saak in voortsetting daarvan ingedien word, word deur die party wat dit indien, met daardie nommer gemerk en word nie deur die Griffier in ontvangs geneem alvorens dit aldus gemerk is nie.

(3) Alle dokumente wat in 'n saak vir liassering by die Griffier ingedien word, word in 'n saakomslag onder die nommer van sodanige saak geliasseer.

(4) Die indiening van alle dokumente in subreël (1) bedoel, is onderworpe aan die betaling van R75, 00 hofgelde in die vorm van 'n inkomsteseël: Met dien verstande dat, indien 'n party die Griffier ingevolge subreël (5) oortuig dat hy of sy behoeftig is, die Griffier die betaling van hofgelde kwytskeld en 'n nota te dien effekte op die eerste bladsy van die betrokke dokument maak.

(5) 'n Party wat verrigtinge in die Hof wil instel of verdedig, en van mening is dat hy

of sy behoeftig is, of enigiemand namens so 'n party, moet die Griffier oortuig dat, met uitsondering van huisraad, klere en ambagsgereedskap, sodanige party minder as R20 000 aan waarde besit en nie binne 'n redelike tyd so 'n bedrag uit sy of haar verdienste sal kan bybring nie.

(6) Waar fotokopieë gemaak word, is die gelde voorgeskryf by subreël 6(a) betaalbaar. Afskrifte van 'n oorkonde kan deur enige persoon in die teenwoordigheid van die Griffier gemaak word.

(a) Die Griffier moet op versoek van 'n party by betaling van hofgelde met 'n inkomsteseël van R0, 50 vir elke fotokopie van A4-grootte of deel daarvan 'n afskrif van enige hofdokument maak en moet by betaling van R1,00 daardie fotokopie as 'n ware afskrif van die oorspronklike sertifiseer.

(b) Die Griffier kan betaling van hofgelde kwytskeld in die geval van 'n behoeftige persoon bedoel in subreëls (4) en (5).

(7) Wanneer die Hof 'n bevel maak of bekragtig wat enige wet of bepaling daarvan kragtens artikel 172 van die Grondwet onbestaanbaar met die Grondwet verklaar laat die Griffier nie later nie as 15 dae na sodanige bevel gegee is, sodanige bevel in die *Staatskoerant* publiseer en, indien die bevel betrekking het op provinsiale wetgewing, in die betrokke *Provinsiale Koerant.*

(8) Die Griffier laat 'n verhoorlys publiseer wat nie minder nie as 15 dae voor elke

termyn vir die gerief van die regsverteenwoordigers en ter inligting van die publiek op die kennisgwingbord by die Hof aangebring word.

(9) Voorskrifte met betrekking tot enige verrigtinge word deur die Griffier aan die betrokke partye gegee binne vyf dae nadat sodanige voorskrifte gegee is.

(10) (a) Die Griffier bewaar die oorkondes van die Hof en laat nie toe dat enige rekord uit die hofgebou verwyder word nie.

(b) Enige dokument wat by die Griffier ingedien is en deel uitmaak van die oorkonde van die Hof, mag nie daarna permanent uit die amptelike hoflêers verwyder word nie.

(c) Na afhandeling van die hofverrigtinge word enige oorspronklike oorkonde en stukke wat deur 'n ander hof aan die Hof gestuur is, terugbesorg aan die hof van waar dit ontvang is.

(11) (a) Indien dit vir die griffier voorkom asof 'n party onverteenwoordig is, moet hy of sy sodanige party verwys na die naaste kantoor of beampte van die Menseregtekommissie, die Regshulpraad, 'n regskliniek of sodanige ander toepaslike liggaam of instelling wat moontlik gewillig en bekwaam is om so 'n party by te staan.

(b) Die Staat of die Griffier is nie aanspreeklik nie vir enige skade of verlies

wat spruit uit bystand wat te goeder trou deur die Griffier aan sodanige party verleen is in verrigtinge voor die Hof of by die afdwinging van 'n bevel ingevolge hierdie reëls in die vorm van regsadvies of by die opstel of voorbereiding van enige prosesstuk of dokument verleen is nie.

DEEL III

VOEGING VAN STAATSORGANE

5. (1) In enige aangeleentheid, insluitende enige appèl, waar daar 'n geskil is oor die grondwetlike geldigheid van enige uitvoerende of administratiewe handeling of optrede of dreigende uitvoerende of administratiewe handeling of optrede of in enige ondersoek na die grondwetlike geldigheid van enige wet, met inbegrip van 'n Wet van die Parlement of van 'n provinsiale wetgewer, en die uitvoerende gesag wat vir die uitvoerende of administratiewe handeling of optrede of die dreigende uitvoerende of administratiewe handeling of optrede of vir die administrasie van so 'n wet verantwoordelik is en wat nie 'n party by die aangeleentheid is nie, doen die party wat die grondwetlike geldigheid van sodanige handeling of optrede of wet aanveg, binne vyf dae nadat 'n dokument waarin sodanige bewerings vir die eerste keer in die verrigtinge voor die Hof gemaak is, by die Griffier ingedien is, stappe om die betrokke gesag as party by die verrigtinge te voeg.

(2) Geen bevel wat sodanige handeling, optrede of wet ongrondwetlik verklaar, word in sodanige aangeleentheid deur die Hof gemaak tensy die bepalings van hierdie reël nagekom is nie.

DEEL IV

PARTYE

6. Verteenwoordiging van Partye

Behalwe waar die Hof of die Hoofregter anders gelas, is niemand daarop geregtig om namens enige party in enige verrigtinge van die Hof te verskyn nie, tensy hy of sy geregtig is om in die hoë howe te verskyn.

7. Verandering van Partye

(1) Indien 'n party sterf of onbekwaam raak om verrigtinge voort te sit, word die verrigtinge daardeur opgeskort totdat 'n gemagtigde verteenwoordiger of ander bevoegde persoon in sy of haar plek aangestel is of totdat sodanige onbekwaamheid tot 'n einde kom.

(2) Wanneer 'n gemagtigde of ander bevoegde persoon aldus aangestel is, kan die Hof op aansoek beveel dat sodanige gemagtigde of ander bevoegde persoon in die plek gestel word van die party wat gesterf of onbekwaam geraak het.

8. Toetrede van Partye tot die verrigtinge

(1) Enige persoon wat daarop geregtig is om as 'n party gevoeg te word of wat as 'n party gevoeg kan word by die verrigtinge, kan by kennisgewing aan alle partye op enige stadium van die verrigtinge aansoek doen om verlof om toe te tree as 'n

party.

(2) Die hof of die Hoofregter kan by sodanige aansoek, insluitende enige bevel ten opsigte van koste, sodanige bevel maak en sodanige voorskrifte gee as wat nodig is ten opsigte van verdere prosedure in die verrigtinge.

9. Volmag of magtiging om op te tree

(1) 'n Volmag hoef nie geliasseer te word nie, maar die magtiging om namens enige party op te tree, kan binne 21 dae nadat dit tot die kennis van enige party gekom het dat die regsverteenwoordiger aldus optree, of met verlof van die Hof indien goeie gronde aangevoer word, te eniger tyd voor uitspraak betwis word by kennisgewing, waarna die regspraktisyn nie langer aldus mag optree nie tensy daar binne 21 dae vanaf sodanige kennisgewing 'n volmag by die Griffier ingedien word.

(2) Elke volmag of magtiging om op te tree wat ingedien word, word deur of namens die party wat dit gee, onderteken en origens behoorlik volgens die reg verly.

(3) Geen volmag of magtiging om op te tree hoef ingedien te word nie deur enigiemand wat namens die Staat optree.

DEEL V

10. ***Amici curiae***

(1) Behoudens hierdie reëls kan enige belanghebbende in enige aangeleentheid voor die Hof, met die skriftelike toestemming van al die partye by die aangeleentheid voor die Hof, gegee nie later nie as die tydperk in subreël (5) vermeld, as 'n *amicus curiae* daarin toegelaat word ooreenkomstig sodanige bepalings en voorwaardes en met die regte en voorregte as waarop skriftelik deur al die partye voor die Hof ooreengekom word of wat deur die Hoofregter ingevolge subreël (3) beveel word.

(2) Die skriftelike toestemming bedoel in subreël (1) moet binne vyf dae nadat dit verkry is, by die Griffier ingedien word en die *amicus curiae* moet, benewens enige ander bepaling, die ooreengekome tydperke vir die indiening van skriftelike betoog nakom.

(3) Die Hoofregter kan die bepalings, voorwaardes, regte en voorregte waarop ooreengekom is soos in subreël (1) bedoel, wysig.

(4) Indien die skriftelike toestemming bedoel in subreël (1) nie verkry is nie, kan 'n belanghebbende in 'n aangeleentheid voor die Hof by die Hoofregter aansoek doen om as 'n *amicus curiae* daarin toegelaat te word en die Hoofregter kan sodanige aansoek toestaan onderworpe aan die bepalings en voorwaardes en met die regte en voorregte wat hy of sy bepaal.

(5) Indien tydbeperkinge nie andersins voorgeskryf word in die voorskrifte in daardie aangeleentheid gegee nie, moet 'n aansoek ingevolge die bepalings van subreël (4) gedoen word nie later nie as vyf dae na die indiening van die respondent se skriftelike voorleggings of verstryking van die tyd van indiening van sodanige voorleggings.

(6) 'n Aansoek om as *amicus curiae* toegelaat te word, moet -

(a) kortliks die belang van die *amicus curiae* se belang by die verrigtinge beskryf;

(b) kortliks die standpunt identifiseer wat die *amicus curiae* in die verrigtinge gaan inneem; en

(c) die voorleggings uiteensit wat deur die *amicus curiae* gedoen sal word, die toepaslikheid daarvan op die verrigtinge en die redes waarom hy of sy meen dat die voorleggings die Hof van hulp sal wees en anders as dié van die ander partye is.

(7) 'n *Amicus curiae* het die reg om skriftelike betoog in te dien, met dien verstande dat sodanige betoog nie enige aangeleentheid in die betoog van die ander partye herhaal nie en nuwe beweringe opwerp wat die Hof van hulp mag wees.

(8) Behoudens die bepalings van reël 31, is 'n *amicus curiae* beperk tot die oorkonde

op appèl of verwysing en die feite bewese bevind in ander verrigtinge en mag nie daartoe byvoeg nie, en mag mondelinge betoog nie gelewer word nie.

(9) 'n Bevel waarin toestemming verleen word om as *amicus curiae* toegelaat te word, moet die datum vir indiening van die skriftelike betoog van die *amicus curiae* of enige ander tersaaklike aangeleentheid meld.

(10) 'n Bevel van die Hof oor koste kan voorsiening maak vir die betaling van koste aangegaan deur of as gevolg van die tussentrede van die *amicus curiae*.

(11) Die bepalings van reël 1(3) is, met sodanige veranderings as wat nodig is, van toepassing op 'n *amicus curiae*.

DEEL VI

AANSOEKE

11. Aansoekprosedure

(1) Behoudens andersluidende bepalings word, in enige aangeleentheid waarin 'n aansoek vir enige doel noodsaaklik is, met inbegrip van -

(a) 'n aangeleentheid beoog in artikel 167 (4) (a) van die Grondwet, en

(b) die verkryging van voorskrifte van die Hof,

sodanige aansoek by wyse van kennisgewing van mosie gebring, gesteun deur 'n

beëdigde verklaring wat die feite bevat waarop die applikant vir regshulp steun, met vermelding van 'n adres binne 25 kilometer van die Griffier se kantoor wat die pos- en straatadres saam met faks- en telefoonnommers en 'n e-pos-adres, waar toepaslik, vermeld, waar hy of sy kennisgewing en betekening van alle dokumente in die verrigtinge sal aanvaar en met vermelding van 'n datum, minstens vyf dae na die betekening daarvan aan die respondent, waarvoor of waarop sodanige respondent die applikant skriftelik in kennis moet stel of hy of sy van voorneme is om die aansoek te bestry en voorts met 'n verklaring dat as kennis nie aldus gegee word nie, die Griffier versoek sal word om die aangeleentheid voor die Hoofregter te plaas om ingevolge subreël (4) hanteer te word.

(2) Wanneer regshulp aangevra word teen enige persoon, owerheid, regering, staatsorgaan of liggaam, of waar dit noodsaaklik of wenslik is om enige van die voormelde kennis van 'n aansoek bedoel in subreël (1) te gee, moet die kennisgewing van mosie aan die Griffier sowel as die voormelde gerig word, en sodanige besonderhede uiteensit met inbegrip van straatadres en faks- en telefoonnommers en 'n e-pos-adres, waar toepaslik, van die party teen wie die regshulp aangevra word ten einde die Griffier in staat te stel om met sodanige party te kommunikeer, andersins moet dit net aan die Griffier gerig word, en is dit so na moontlik ooreenkomstig Vorm 1 of 2, na gelang van die geval.

(3) (a) Iemand wat die toestaan van 'n bevel in die kennisgewing van mosie gevra bestry, -

(i) gee die applikant en die Griffier binne die tyd in die kennisgewing

vermeld, skriftelik kennis gee dat hy of sy van voorneme is om die aansoek te bestry, en moet in sodanige kennisgewing 'n adres binne 25 kilometer van die kantoor van die Griffier waar hy of sy kennisgewing en betekening van alle dokumente in die verrigtinge aanvaar.

(ii) dien binne 15 dae na kennisgewing aan die applikant van sy of haar voorneme om die aansoek te bestry, sy of haar antwoordende beëdigde verklaring, indien enige, tesame met enige tersaaklike dokumente wat stawende beëdigde verklarings kan insluit.

(b) Die applikant kan binne 10 dae na betekening aan hom of haar van die in paragraaf (a)(ii) bedoelde beëdigde verklaring en dokumente 'n repliserende beëdigde verklaring indien.

(c) (i) As geen kennisgewing van voorneme om die aansoek te bestry, of geen antwoordende beëdigde verklaring ingevolge paragraaf (a)(ii) binne die tydperk bedoel in paragraaf (a)(ii) ingedien word nie, plaas die Griffier binne vyf dae na die verstryking daarvan die aansoek voor die Hoofregter.

(ii) As 'n antwoordende beëdigde verklaring ingedien word, plaas die Griffier die aansoek voor die Hoofregter binne vyf dae na die indiening van die beëdigde verklaring.

(d) Die Hoofregter kan, wanneer voorskrifte ingevolge subreël (4) gegee word, die indiening van verdere beëdigde verklarings toelaat.

(4) As 'n aansoek ingevolge subreël (3)(c) voor die Hoofregter geplaas word, gee hy of sy voorskrifte betreffende die hantering van die aansoek en in die besonder of dit vir verhoor ter rolle geplaas moet word en of dit by wyse van skriftelike betoog of summier op grond van die inligting in die beëdigde verklarings hanteer kan word.

12. Dringende aansoeke

(1) By dringende aansoeke kan die Hoofregter afsien van die vorms en betekening waarvoor hierdie reëls voorsiening maak en voorskrifte gee dat met die aangeleentheid gehandel word op die tyd en die wyse en in ooreenstemming met die prosedure wat sover doenlik in ooreenstemming is met hierdie reels vir sover dit toepaslik is.

(2) 'n Aansoek ingevolge subreël (1) moet gedoen word by wyse van kennisgewing van mosie vergesel van 'n beëdigde verklaring wat uitdruklik die omstandighede uiteensit wat die afwyking van die gewone prosedure regverdig.

13. Betoog

(1) Skriftelike betoog moet betyds geliasseer word en moet 'n inhoudsopgawe bevat en 'n lys gewysdes met verwysing na die bladsye in die dokument waarop hulle vermeld word.

(2) Mondelinge betoog word nie toegelaat nie indien voorskrifte te dien effekte deur die Hoofregter gegee word.

(3) (a) Mondelinge betoog is ter sake by die geskilpunte voor die Hof en die tydsduur daarvan is onderworpe aan die tydsbeperking wat die Hoofregter oplê.

(b) Die partye moet aanvaar dat al die regters die skriftelike betoë gelees het en dat dit onnodig is om te herhaal wat daarin staan.

(4) (a) Betoog kan in enige amptelike taal in die Hof gelewer word en die betrokke party is nie daarvoor verantwoordelik om 'n tolk te voorsien nie.

(b) Indien 'n persoon die Hof wil toespreek in 'n ander amptelike taal as die taal waarin die persoon se skriftelike betoog uitgedruk is, gee gemelde persoon die Griffier minstens sewe dae voor die aanhoor van die betrokke aangeleentheid skriftelike kennis van sy of haar voorneme om 'n ander amptelike taal te gebruik, en meld watter taal dit is.

(5) Die Hof kan uit eie beweging of op aansoek van een of meer partye, beveel dat twee of meer sake wat blyk dieselfde of verwante vrae te behels, as een saak beredeneer word of ooreenkomstig sodanige ander bepalings wat voorgeskryf mag word.

DEEL VII

AANGELEENTHEDE BINNE DIE UITSLUITLIKE JURISDIKSIE VAN DIE HOF

14. Verwysing van 'n Wetsontwerp

(1) Die verwysing van 'n Wetsontwerp ingevolge artikel 79(4)(b) of 121(2)(b) van die Grondwet deur die President van die Republiek of deur die Premier van 'n provinsie, na gelang van die geval, moet skriftelik wees en gerig word aan die Griffier en aan die Speaker van die Nasionale Vergadering en die Voorsitter van die Nasionale Raad van Provinsies, of aan die Speaker van die betrokke provinsiale wetgewer, na gelang van die geval.

(2) Sodanige verwysing spesifiseer -

(a) die bepaling of bepalings van die Wetsontwerp ten opsigte waarvan die President van die Republiek of die Premier van 'n provinsie voorbehoude het;

(b) die grondwetlike bepaling of bepalings wat op sodanige voorbehoude

betrekking het; en

(c) die gronde of redes vir sodanige voorbehoude.

(3) Politieke partye wat verteenwoordig word in die nasionale Parlement of die betrokke provinsiale wetgewer, na gelang van die geval, is daarop geregtig om binne die tydperk bepaal in voorskrifte ingevolge subreël (4), skriftelike voorleggings te maak wat ter sake is by die beslissing van die aangeleentheid.

(4) By ontvangs van die verwysing word die saak behandel in ooreenstemming met voorskrifte deur die President gegee, wat 'n voorskrif kan insluit -

(a) wat die betrokke Speaker of die Voorsitter van die Nasional Raad van Provinsies, na gelang van die geval, versoek om sodanige verdere inligting wat na die mening van die Hoofregter noodsaaklik of dienstig is om die aangeleentheid te hanteer; en

(b) wat alle belanghebbende politieke partye in die nasionale Parlement of die betrokke provinsiale wetgewer, na gelang van die geval, uitnooi om binne 'n tydperk in die voorskrif bepaal skriftelike voorleggings te maak wat ter sake is by die beslissing van die aangeleentheid.

15. Grondwetlike bestaanbaarheid van 'n Wet

(1) 'n Aansoek ingevolge artikels 80 (1) en 122 (1) van die Grondwet deur lede van die Nasionale Vergadering of 'n provinsiale wetgewer word gedoen by wyse van kennisgewing van mosie gesteun deur 'n beëdigde verklaring aangaande die bewerings waarop die applikante vir regshulp steun en word by die Griffier ingedien en aan die Speaker van die Nasionale Vergadering en, waar van toepassing, die Voorsitter van die Nasionale Raad van Provinsies, of aan die Speaker van die betrokke provinsiale wetgewer, na gelang van die geval, beteken.

(2) Die kennisgewing versoek die Speaker en, indien ter sake, die Voorsitter van die Nasionale Raad van Provinsies, om die aansoek binne vyf dae van die betekening daarvan aan hom of haar skriftelik onder die aandag te bring van alle politieke partye wat in die betrokke huis of wetgewer verteenwoordig is.

(3) Die aansoek in subreël (1) bedoel, gaan vergesel van 'n sertifikaat deur die Speaker van die betrokke wetgewer dat die vereistes van artikel 80(2)(a) of artikel 122(2)(a) van die Grondwet, na gelang van die geval, nagekom is.

(4) Die aansoek in subreël (1) bedoel, spesifiseer ook -

(a) die bepaling of bepalings van die Wet wat betwis word;

(b) die betrokke bepaling of bepalings van die Grondwet waarop gesteun

word vir sodanige betwisting;

(c) die gronde waarop die onderskeie bepalings geag word strydig te wees; en

(d) die regshulp, insluitende enige tydelike regshulp, wat versoek word.

(5) (a) Enige politieke party in die betrokke wetgewer of enige regering wat die toestaan van 'n bevel versoek in bedoelde aansoek wil bestry, stel die Griffier binne 15 dae na betekening daarvan skriftelik in kennis van die voorneme om dit te bestry, en dui in sodanige aansoek 'n adres aan waar die betrokke party of regering kennisgewing en betekening van alle dokumente in die verrigtinge sal ontvang.

(b) Indien sodanige kennisgewing gegee word, word die aansoek in ooreenstemming met die bepalings van reël 11 afgehandel.

(6) Indien 'n kennisgewing om te bestry nie ingevolge subreël (5) ingedien word nie, word die aangeleentheid afgehandel ooreenkomstig die voorskrifte deur die Hoofregter gegee wat kan insluit 'n voorskrif –

(a) wat sodanige verdere inligting versoek wat na die mening van die Hoofregter noodsaaklik of dienstig is om die aangeleentheid af te handel; en

(b) dat alle belanghebbende politieke partye in die nasionale Parlement of betrokke provinsiale wetgewer, na gelang van die geval, wat skriftelike voorleggings wil maak wat ter sake is by die beslissing van die aangeleentheid, dit indien binne 'n tydperk wat die sodanige voorskrif spesifiseer.

16. Bekragtiging van 'n bevel van grondwetlike ongeldigheid

(1) Die Griffier van 'n hof wat 'n bevel van grondwetlike ongeldigheid bedoel in artikel 172 van die Grondwet gemaak het, moet binne 15 dae nadat so 'n bevel gemaak is, 'n afskrif van sodanige bevel by die Griffier van die Hof indien.

(2) 'n Persoon of staatsorgaan wat daartoe geregtig is en wat ingevolge artikel 172(2)(d) van die Grondwet teen 'n bevel wil appelleer, dien binne 15 dae vandat so 'n bevel gemaak is, 'n kennisgewing van appèl by die Griffier in en 'n afskrif daarvan by die Griffier van die hof wat die bevel gemaak het in waarna die aangeleentheid afgehandel word in ooreenstemming met voorskrifte wat die Hoofregter gee.

(3) Die appellant sit in sodanige kennisgewing van appèl duidelik die gronde waarop die appèl berus uiteen met vermelding van die feitebevindinge en/of regsbevindinge waarteen geappelleer word en die bevel wat na bewering gemaak moes gewees het.

(4) 'n Persoon of staatsorgaan wat daartoe geregtig is en wat ingevolge artikel 172(2)(d) van die Grondwet aansoek wil doen om bekragtiging van 'n bevel doen binne 15 dae vandat so 'n bevel gemaak is by die Griffier aansoek om sodanige bekragtiging en dien 'n afskrif daarvan in by die Griffier van die hof wat die bevel gemaak het, waarna die aangeleentheid in ooreenstemming met voorskrifte deur die Hoofregter gegee, afgehandel moet word.

(5) Indien geen kennisgewing of aansoek beoog in subreëls (2) en (4) onderskeidelik binne die voorgeskrewe tydperk ingedien is nie, word die aangeleentheid van bekragtiging van die bevel van ongeldigheid afgehandel in ooreenstemming met voorskrifte wat die Hoofregter gee.

17. Sertifisering van 'n provinsiale grondwet

(1) Die Speaker van 'n provinsiale wetgewer wat 'n grondwet ingevolge artikels 142 en 144(2) van die Grondwet aangeneem of gewysig het en wat sodanige grondwet of grondwetlike wysiging deur die Hof wil laat sertifiseer, waarmerk die inhoud van die betrokke grondwet of grondwetlike wysiging skriftelik en lê sodanige grondwet of grondwetlike wysiging aan die Griffier voor met 'n formele versoek tot die Hof om sy bevoegdhede ingevolge artikel 144 van die Grondwet uit te oefen.

(2) Die sertifikaat beoog in subreël (1) sluit 'n verklaring in waarin vermeld word dat die grondwet of grondwetlike wysiging deur die vereiste meerderheid aanvaar is.

(3) Enige politieke party met verteenwoordiging in die provinsiale wetgewer is daarop geregtig om mondelinge betoog voor die Hof te lê, met dien verstande dat dit van sodanige politieke party verlang mag word om voor die mondelinge betoog 'n skriftelike voorlegging aan die Hof voor te lê.

(4) By ontvangs van die versoek in subreël (1) bedoel, word met die aangeleentheid gehandel ooreenkomstig voorskrifte wat die Hoofregter gee, wat kan insluit -

(a) verwysing na die Speaker vir sodanige verdere inligting wat die Hoofregter noodsaaklik of dienstig ag om die aangeleentheid te hanteer;

(b) 'n voorskrif wat die tydperk spesifiseer waarin skriftelike voorleggings deur belanghebbende politieke partye gemaak moet word;

(c) 'n voorskrif dat enige skriftelike voorleggings ingevolge paragraaf (b) onder die aandag van ander politieke partye in die provinsiale wetgewer gebring word op 'n wyse wat die Hoofregter geskik ag.

(5) 'n Bevel van die Hof ooreenkomstig artikel 144 van die Grondwet kan spesifiseer welke bepalings van die provinsiale grondwet of die grondwetlike wysiging, indien enige, aan die Grondwet voldoen en dié wat nie daaraan voldoen nie.

DEEL VIII

REGSTREEKSE TOEGANG EN APPÈLLE

18. Regstreekse toegang

(1) 'n Aansoek om regstreekse toegang soos beoog in artikel 167(6)(a) van die Grondwet word gedoen by kennisgewing van mosie gesteun deur 'n beëdigde verklaring wat die feite uiteensit waarop die applikant vir regshulp steun.

(2) 'n Aansoek ingevolge subreël (1) word by die Griffier ingedien en beteken aan alle partye met 'n regstreekse of wesenlike belang by die regshulp wat aangevra word, met vermelding van -

(a) die gronde waarop dit beweer word in belang van geregtigheid is dat 'n bevel vir regstreekse toegang toegestaan word;

(b) die aard van die verlangde regshulp en die gronde waarop sodanige regshulp berus;

(c) of die aangeleentheid deur die Hof behandel kan word sonder die aanhoor van mondelinge getuienis, en indien dit nie kan nie,

(d) hoe sodanige getuienis aangevoer en feitegeskille opgelos moet word.

(3) Enige persoon of party wat die aansoek wil bestry, stel die applikant en die

Griffier binne 10 dae na die indiening van sodanige aansoek skriftelik in kennis stel van sy of haar voorneme om dit te bestry.

(4) Nadat sodanige kennisgewing van voorneme om te bestry deur die Griffier ontvang is of waar die tydperk vir die indiening van sodanige kennisgewing verstryk het, word die aangeleentheid afgehandel ooreenkomstig voorskrifte wat die Hoofregter gee, wat kan insluit -

(a) 'n voorskrif wat die respondente oproep om binne 'n bepaalde tydperk skriftelike betoog aan die Hof voor te lê oor die toestaan van regstreekse toegang, al dan nie; of

(b) 'n voorskrif wat aandui dat geen skriftelike betoog of beëdigde verklarings geliasseer hoef te word nie.

(5) Aansoeke om regstreekse toegang kan summier behandel word, sonder die aanhoor van mondelinge of skriftelike betoog, buiten dié in die aansoek self vervat: Met dien verstande dat waar die respondent aangedui het dat hy of sy ingevolge subreël (3) van voorneme is om te bestry, 'n aansoek om regstreekse toegang toegestaan word slegs nadat daar aan die bepalings van subreël (4)(a) voldoen is.

19. Appèlle

(1) Die prosedure in hierdie reël uiteengesit, word gevolg in 'n aansoek om verlof om

regstreeks na die Hof te appelleer waar 'n beslissing rakende 'n grondwetlike aangeleentheid, behalwe 'n bevel van grondwetlike ongeldigheid ingevolge artikel 172(2)(a) van die Grondwet, gegee is deur enige hof, met inbegrip van die Hoogste Hof van Appèl, ongeag of die President verlof of spesiale verlof om te appelleer, geweier het.

(2) 'n Gedingvoerder wat gegrief is deur die beslissing van 'n hof en wat regstreeks na die Hof daarteen wil appelleer, doen binne 15 dae vanaf die bevel waarteen geappelleer wil word en ná kennisgewing aan die ander betrokke party of partye, by die hof wat die beslissing gegee het aansoek om verlof tot appèl: Met dien verstande dat waar die President verlof tot appèl geweier het, die tydperk by hierdie reël voorgeskryf, strek vanaf die datum waarop verlof geweier is.

(3) 'n Aansoek bedoel in subreël (2) moet deur die applikant of sy of haar regsverteenwoordiger onderteken wees en moet bevat -

(a) die beslissing waarteen appèl aangeteken word en die gronde waarop die beslissing betwis word;

(b) 'n verklaring wat duidelik en bondig die grondwetlike aangeleentheid uiteengesit wat in die saak geopper is en enige ander kwessies, insluitende kwessies wat na bewering verband hou met 'n beslissing oor die grondwetlike aangeleentheid;

(c) sodanige aanvullende inligting of betoog wat die applikant nodig ag om onder die Hof se aandag te bring; en

(d) 'n verklaring wat aandui of die applikant aansoek gedoen het of beoog om aansoek te doen om verlof of spesiale verlof tot appèl na enige ander hof en, indien wel –

(i) welke hof;

(ii) of sodanige aansoek afhanklik is van weiering van die aansoek na die Hof; en

(iii) die uitslag van sodanige aansoek, indien bekend ten tye van die aansoek by die Hof.

(4) (a) Binne 10 dae na die datum waarop 'n aansoek bedoel in subreël (2) ingedien is, kan die respondent of respondente skriftelik daarop antwoord en aandui of die aansoek om verlof om te appelleer betwis word en, indien wel, die gronde vir sodanige betwisting.

(b) Die antwoord moet deur die respondent of respondente of sy of haar regsverteenwoordiger onderteken word.

(5) (a) 'n Respondent of respondente wat oor 'n grondwetlike aangeleentheid na

die Hof wil teenappelleer dien binne 10 dae na die datum waarop 'n aansoek tot appèl ingevolge subreël (2) ingedien is, by die Griffier die aansoek om verlof tot teenappèl in.

(b) Die bepalings van hierdie reëls met betrekking tot appèlle is met die nodige aanpassing op teenappèlle van toepassing.

(6) (a) Die Hof besluit of verlof om te appelleer aan die appellant toegestaan word al dan nie.

(b) Aansoeke om verlof tot appèl kan summier hanteer word sonder die aanhoor van mondelinge of skriftelike betoog, behalwe diè in die aansoek self vervat.

(c) Die Hof kan gelas dat die aansoek om verlof tot appèl ter rolle geplaas word vir betoog en voorskryf dat die skriftelike betoog van die partye nie net die kwessie van die toestaan van verlof tot appèl behandel nie, maar ook die meriete van die geskil. Die bepalings van reël 20 is, met die nodige aanpassing, van toepassing op die prosedure wat in sulke verrigtinge gevolg word

20. Prosedure by appèl

(1) Indien verlof tot appèl ingevolge reël 19 verleen is, word die appèl soos volg deur

die appellant aangeteken en voortgesit:

(a) Die appellant maak binne die tydperk wat die Hoofregter in voorskrifte bepaal, die appèloorkonde gereed en dien dit by die Griffier in.

(b) Behoudens die bepalings van subreël (1) (c) hieronder, bestaan die appèloorkonde uit die uitspraak van die hof waarvandaan die appèl aangeteken word, tesame met al die dokumentasie deur die partye in daardie hof ingedien en al die getuienis wat in die verrigtinge gelei is, en wat ter sake kan wees by die geskilpunte wat beslis moet word.

(c) (i) Die partye moet poog om ooreenkoms te bereik oor wat by die oorkonde ingesluit behoort te word en by afwesigheid van sodanige ooreenkoms, doen die appellant by die Hoofregter aansoek om voorskrifte rakende die samestelling van die oorkonde.

(ii) Sodanige aansoek word skriftelik gedoen en meld die aard van die geskil tussen die partye rakende die samestelling van die oorkonde en die redes vir die appellant se bewerings.

(iii) Die respondent kan binne 10 dae nadat die aansoek beteken is, op die aansoek antwoord en die redes vir die respondent se bewerings uiteensit.

(iv) Die Hoofregter kan die aansoek aan een of meer regters toewys, wat die aangeleentheid op die stukke kan behandel of die partye kan gelas om op 'n vasgestelde datum en tyd voor hom of haar of hulle te verskyn om die samestelling van die oorkonde te beredeneer.

(v) Die betrokke regter of regters gee voorskrifte rakende die samestelling van die oorkonde, die tydperk waarbinne die oorkonde by die Griffier ingedien moet word en enige ander aangeleenthede wat hy of sy of hulle nodig ag om die Hof in staat te stel om die appèl te behandel, welke voorskrifte kan insluit dat die aangeleentheid na die hof *a quo* terugverwys word vir die aanhoor van verdere getuienis wat in die voorskrifte gespesifiseer word, of dat verdere getuienis aan die Hof vir die doel van die appèl by wyse van beëdigde verklaring of andersins voorgelê word.

(2) (a) Een van die afskrifte van die oorkonde wat by die Griffier ingedien is, moet as korrek gewaarmerk word deur die Griffier van die hof waarvandaan geappelleer word.

(b) Afskrifte van die oorkonde moet duidelik op sterk A4-grootte papier in dubbelspasiëring in swart oorkonde-ink op slegs een kant van die papier

getik word.

(c) Leesbare dokumente wat getik is of gedruk is in hulle oorspronklike vorm, byvoorbeeld tjeks en soortgelyke dokumente, word nie oorgetik nie en duidelike fotostate op A4-grootte papier word in die plek daarvan voorsien.

(d) Die bladsye moet duidelik en opeenvolgend genommer wees en elke tiende reël op elke bladsy word genommer en die paginering wat in die hof *a quo* gebruik is word waar moontlik behou.

(e) Dik oorkondes moet ingedeel word in afsonderlike volumes van gemaklike diktes van ongeveer 100 bladsye elk. Die oorkonde moet stewig in boekformaat gebind wees om deurlopende gebruik te deurstaan en moet so gebind wees dat dit by gebruik oop sal lê sonder hanterings- of ander belemmering.

(f) Oorkondes moet stewig gebind word in geskikte omslae wat aandui die saaknommer, name van die partye, die volumenommer, die nommers van die bladsye in die volume, die hof *a quo* en die name van die prokureurs wat die partye verteenwoordig.

(g) Die bindwerk vereis by hierdie reël moet stewig genoeg wees om die stabiliteit van die stukke vervat in 'n volume te verseker; en waar die

oorkonde uit meer as een volume bestaan, moet die volumenommer en die getal bladsye in die volume op die boonste helfte van die rugkant van die volume verskyn.

(h) Waar dokumente by die Griffier ingedien word en op rekenaardisket aangeteken is stel die party wat die dokument indien, waar moontlik, aan die Griffier 'n disket beskikbaar met die lêer wat die dokument bevat, of 'n elektroniese kopie van die betrokke dokument per e-pos aan die Griffier by registrar@concourt.org.za versend in 'n formaat deur die Griffier bepaal en wat versoenbaar is met die programmatuur wat die Hof ten tye van indiening gebruik: Met dien verstande dat die versending van sodanige kopie nie die betrokke party onthef van die verpligting om ingevolge reël 1(3) die voorgeskrewe aantal harde kopieë van die dokumente aldus versend in te dien nie.

(i) Indien 'n disket aan die Griffier beskikbaar gestel word, word die lêer gekopieer en aan die betrokke party terugbesorg. Waar 'n disket of 'n elektroniese kopie van 'n ander dokument as 'n oorkonde verskaf word, dien die party slegs 13 afskrifte van die betrokke dokument by die Griffier in.

(3) Indien 'n oorkonde in ooreenstemming met die bepalings van paragraaf (b) en (c) van subreël (1) ingedien is, gee die Griffier 'n kennisgewing aan die partye by die appèl af waarin vereis word dat-

(a) die appellant skriftelike betoog ter ondersteuning van die appèl by die Griffier indien binne 'n tydperk deur die Hoofregter vasgestel en in sodanige kennisgewing vermeld;

(b) die respondent skriftelike betoog in antwoord op die appellant se betoog by die Griffier indien teen 'n spesifieke datum deur die Hoofregter vasgestel wat na die datum is waarop die appellant se betoog aan die respondent beteken is.

(4) Die appellant kan skriftelike betoog in antwoord op die respondent se betoog binne 10 dae vanaf die datum waarop die respondent se betoog aan die appellant beteken is by die griffier indien.

(5) Die Hoofregter kan besluit of die appèl slegs op grond van die skriftelike betoë behandel word.

(6) Behoudens die bepalings van subreël (5) stel die Hoofregter die datum vas waarop mondelinge betoog aangehoor word, en die Griffier stel binne vyf dae vanaf sodanige vasstelling alle partye by die appèl per geregistreerde pos of faksimilee van die datum van die verhoor in kennis.

21. Bykomende inligting wat aan die Griffier verstrek moet word

Wanneer 'n aansoek om bekragtiging van 'n bevel van grondwetlike ongeldigheid of 'n kennisgewing van appèl teen sodanige bevel ingevolge reël 16 by die Griffier ingedien word, of 'n aansoek om verlof om te appelleer ingevolge reël 19 ingedien word, voorsien die applikant of appellant tegelykertyd die Griffier van 'n nota —

(a) wat die lengte van die oorkonde uiteensit of, indien die oorkonde uit getuienis bestaan wat nie getranskribeer is nie, 'n geraamde lengte van die oorkonde en die tyd benodig vir transkripsie;

(b) wat meld of daar enige spesiale omstandighede is wat 'n verhoor van meer as een dag vereis of wat andersins ter sake is vir voorskrifte wat deur die Hoofregter gegee moet word.

DEEL IX

GELDE EN KOSTE

22. Taksasie van koste en prokureursgelde

(1) Reëls 17 en 18 van die Reëls van die Hoogste Hof van Appèl met betrekking tot taksasie en prokureursgelde is met die nodige veranderinge van toepassing.

(2) In die geval van mondelinge en skriftelike betoog, kan gelde vir skriftelike betoog in toepaslike omstandighede as 'n afsonderlike item toegelaat word.

23. Hofgelde

(1) Benewens hofgelde reeds in hierdie reëls voorgeskryf, is die gelde in Bylae 2 die hofgelde, betaalbaar by wyse van inkomsteseëls.

(2) Die voorbehoudsbepaling in reël 4(4) en die bepalings van reël 4(5) is met die nodige veranderinge van toepassing.

DEEL X

DIVERSE BEPALINGS

24. Biblioteek

(1) Die Hof se biblioteek is beskikbaar vir gebruik deur regters, die personeel van die Hof en ander persone met toestemming van die bibliotekaris vir doeleindes van grondwetlike navorsing.

(2) Die biblioteek is oop gedurende die tye wat die redelike behoeftes van die Hof vereis, en die werking daarvan geskied ingevolge reëls wat die Hof se biblioteekkomitee in oorleg met die Hoofregter maak.

25. Vertalings

Indien enige oorkonde of ander dokument wat by die Griffier ingedien is, gegewens bevat

wat in 'n amptelike taal geskryf is wat nie deur al die regters verstaan word nie, moet die Griffier die betrokke gedeeltes van sodanige oorkonde of dokument deur 'n beëdigde vertaler van die Hoë Hof in 'n taal of tale wat sodanige regters verstaan laat vertaal en 'n afskrif van die vertalings aan die partye verskaf.

26. Modelle, diagramme en bewysstukke

(1) Modelle, diagramme en bewysstukke van gegewens wat deel uitmaak van die getuienis in 'n geding en vir inspeksie na die Hof gebring is, word minstens 10 dae voordat die saak verhoor of voorgelê word, in die bewaring van die Griffier geplaas.

(2) Alle modelle, diagramme en bewysstukke van gegewens in bewaring van die Griffier moet binne 40 dae nadat die saak beslis is, deur die partye verwyder word.

(3) Wanneer dit nie gedoen word nie, moet die Griffier die betrokke party kennis gee om die artikels onverwyld te verwyder en indien dit nie binne ses maande daarna verwyder word nie, vernietig die Griffier dit of beskik op 'n ander toepaslike wyse daaroor.

27. Terugtrekking van sake

As al die partye in enige stadium van die verrigtinge 'n skriftelike ooreenkoms by die Griffier indien dat 'n saak teruggetrek word, met vermelding van die voorwaardes met

betrekking tot die betaling van koste en enige uitstaande gelde wat aan die Griffier betaalbaar is, teken die Griffier, indien die Hoofregter aldus gelas, so 'n terugtrekking aan, waarna die Hof ontdoen is van die saak.

28. Formaat van dokumente

(1) Ongeag die metode van duplisering, gaan elke dokument wat 15 bladsye oorskry, vergesel van 'n inhoudsopgawe met korrekte verwysings.

(2) Iedere dokument toon aan die einde daarvan die naam van die party of sy of haar prokureur, die pos- en straatadres, faks- en telefoonnommers, en 'n e-pos-adres, waar beskikbaar, en die oorspronklike dokument word deur die party of sy of haar prokureur onderteken.

(3) (a) Die Griffier aanvaar geen dokument vir indiening in 'n vorm wat nie aan hierdie reël voldoen nie en besorg dit terug aan die versuimende party met 'n aanduiding van die versuim: Met dien verstande dat indien nuwe en korrekte afskrifte van enige sodanige dokument binne vyf dae na ontvangs van skriftelike kennisgewing heringedien word, sodanige indiening geag word betyds te wees.

(b) Indien die Hof bevind dat die bepalings van hierdie reël nie nagekom is nie, kan die Hof na goeddunke gepaste sanksies oplê.

29. Toepassing van sekere reëls van die Eenvormige Reëls

Die volgende reëls van die Eenvormige Reëls is met die nodige verandering op die verrigtinge in die Hof van toepassing.

Reël Nr.	Onderwerp
6(7) tot 6(15)	Voeging van partye op aansoek en verwante aangeleenthede
28	Wysiging van pleitstukke en dokumente
35(13)	Blootlegging, indiening en voorlegging van stukke
38(3) tot 38(8)	Verkryging van getuienis vir verhoor
42	Wysiging en herroeping van bevele
59	Beëdigde vertalers
61	Vertolking van getuienis
62	Indiening, voorbereiding en insae van stukke
63	Waarmerking van dokumente wat buite die Republiek verly is vir gebruik in die Republiek
64	Vernietiging van stukke
65	Kommissarisse van die Hof

30. Toepassing van sekere artikels van die Wet op die Hooggeregshof ,1959 (Wet No. 59 van 1959)

Die volgende artikels van die Wet op die Hooggeregshof, 1959 (Wet No. 59 van 1959), is, met sodanige veranderinge as wat nodig mag wees, van toepassing op verrigtinge voor

en van die Hof asof dit reëls van hulle hof is:

Artikel	Onderwerp
19*bis*	Verwysing van bepaalde aangeleenthede vir ondersoek deur skeidsregter
22	Bevoegdhede van Hof by verhoor van appèlle
32	Ondervraging op vraagpunte van persone van wie getuienis in siviele gedinge verlang word
33	Wyse waarop rogatore kommissies, versoekbriewe en stukke vir bestelling afkomstig uit vreemde lande behandel word: Met dien verstande dat hierdie bepaling van toepassing is onderworpe aan die vervanging van Engels of Afrikaans deur die uitdrukking "enige amptelike taal".

31. Dokumente ingedien om feitelike gegewens aan te voer

(1) Enige party in enige verrigtinge voor die Hof en 'n *amicus curiae* behoorlik deur die Hof in enige verrigtinge toegelaat, is daarop geregtig om in dokumente by die Griffier ingevolge hierdie reëls ingedien, feitelike gegewens wat ter sake is by die beslissing van die geskilpunte voor die Hof en nie uitdruklik op die oorkonde verskyn nie, te bespreek: Met dien verstande dat sodanige feite -

(a) gemeensaak of andersins onweerlegbaar is; of

(b) van 'n amptelike, wetenskaplike, tegniese of statistiese aard is wat maklik geverifieer kan word.

(2) Alle ander partye is daarop geregtig om binne die tydperk ingevolge hierdie reëls vir beantwoording van sodanige dokument toegelaat, sodanige feit te erken, ontken, of te weerlê, of daarop uit te brei in die mate nodig en toepaslik vir 'n behoorlike beslissing deur die Hof.

32. Nie-nakoming van die reëls

Die Hof of die Hoofregter kan -

(1) uit eie beweging of op aansoek en op voldoende gronde aangevoer, enige tydperk by hierdie reëls voorgeskryf, verleng of verkort en kan nie-nakoming van hierdie reëls kondoneer; en

(2) voorskrifte gee betreffende aangeleenthede ten opsigte van praktyk, prosedure en die beskikking oor enige appèl, aansoek of ander aangeleentheid wat die Hof of Hoofregter billik en dienstig ag.

33. Tenuitvoerlegging: Artikel 3 van die Aanvullende Wet op die Konstitusionele Hof, 1995 (Wet No. 13 van 1995)

Kostebevele van die Hof word in die landdroshof soos volg ten uitvoer gelê:

(1) Die kostebevel het die effek van 'n siviele vonnis van die landdroshof en die party in wie se guns 'n kostebevel gegee is, word geag die vonnisskuldeiser te wees en die party teen wie so 'n bevel gegee is, word geag die vonnisskuldenaar te wees.

(2) Die party in wie se guns 'n kostebevel gegee is, dien waar daar nie aan 'n kostebevel voldoen is nie 'n beëdigde verklaring by die Griffier in waarin die besonderhede van die kostebevel uiteengesit word en waarin vermeld word dat daar nog nie aan die kostebevel voldoen is of nog nie ten volle daaraan voldoen is nie, na gelang van die geval, vermeld die uitstaande bedrag en versoek die Griffier om aan hom of haar 'n gewaarmerkte afskrif van sodanige kostebevel te verskaf.

(3) Die Griffier verskaf, nadat hy of sy die betrokke hoflêer geïnspekteer het om die inhoud van die beëdigde verklaring te verifieer, aan die party in subreël (2) bedoel 'n gewaarmerkte afskrif van die betrokke kostebevel verskaf en notuleer sodanige verskaffing op die Hoflêer.

(4) Die party in subreël (2) bedoel, dien genoemde afskrif in by die klerk van die siviele hof van die distrik waarin hy of sy woonagtig is, besigheid dryf of werksaam is.

(5) Sodanige bevel word ten uitvoer gelê ooreenkomstig die bepalings van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet No. 32 van 1944), en die Landdroshowereëls gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 1108 van 21 Junie 1968, soos gewysig, slegs betreffende lasbriewe vir eksekusie teen roerende en onroerende eiendom en die uitreiking van besoldigingbeslagbevele en skuldbeslagbevele.

34. Oorgangsbepalings

Wanneer 'n tyd vir enige doeleindes ingevolge hierdie reëls voorgeskryf word en sodanige tyd andersins sou begin loop het voor die inwerkingtreding van hierdie reëls, begin sodanige tyd te loop slegs vanaf die datum waarop hierdie reëls in werking tree.

35. Herroeping van reëls

Die Reëls van die Konstitusionele Hof voorheen gepubliseer, word herroep op die datum waarop hierdie reëls in werking tree: Met dien verstande dat enige skriftelike aanwysings met betrekking tot die prosedure wat gevolg moet word in die beslissing van 'n geskil of 'n geskilpunt in sake wat reeds aanhangig gemaak is, van krag bly, tensy dit skriftelik deur die Hoofregter herroep word.

36. Kort titel

Hierdie reëls heet die Reëls van die Konstitusionele Hof, 2003.

Bylae 1 - VORMS

Vorm No.

1. Kennisgewing van mosie (aan Griffier)

2. Kennisgewing van mosie (aan Griffier en respondent)

VORM 1

KENNISGEWING VAN MOSIE

(aan Griffier)

IN DIE KONSTITUSIONELE HOF VAN SUID-AFRIKA

Saak No. .....

In die saak van:

..... (Applikant)

Neem kennis dat bogemelde applikant by die Hof aansoek doen om 'n bevel met die volgende bepalings:

(a) .....

(b) .....

(c) .....

en dat die beëdigde verklaring van....., hierby aangeheg, gebruik sal word ter ondersteuning daarvan.

Geliewe die saak voor die Hoofregter te plaas vir behandeling ingevolge reël 11(4).

Gedateer te ....., op hede die ..... dag van .....20.....

.....

Applikant of prokureur

Aan die Griffier van bogenoemde Hof.

VORM 2

KENNISGEWING VAN MOSIE

(aan Griffier en Respondent)

IN DIE KONSTITUSIONELE HOF VAN SUID-AFRIKA

Saak No. .....

In die saak van:

..... (Applikant)

en

..... (Respondent)

Neem kennis dat ..... (hierna die applikant genoem) voornemens is om by hierdie Hof aansoek te doen om 'n bevel (a)..... (b).....(c).....(sit hier die vorm van die aangevraagde bevel uiteen) en dat die bygaande beëdigde verklaring van ..... gebruik sal word ter ondersteuning daarvan.

Neem verder kennis dat die applikant ..... (meld hier 'n adres) aangewys het as die adres waar hy of sy kennisgewing en die betekening van alle prosesstukke in hierdie verrigtinge sal aanvaar.

Neem verder kennis dat indien u voornemens is om hierdie aansoek te bestry, u (a) die applikant se prokureur voor of op ..... (datum) skriftelik daarvan in kennis moet stel en (b) binne 15 dae nadat u aldus kennis gegee het van u voorneme om die aansoek te bestry, u antwoordende beëdigde verklaring, as daar is, moet indien; en verder dat u in sodanige kennisgewing 'n adres moet aangee waar u kennisgewing en die betekening van alle dokument in hierdie verrigtinge sal aanvaar.

Indien geen sodanige kennis van voorneme om te bestry gegee word nie, sal die applikant die Griffier versoek om die aangeleentheid voor die Hoofregter te plaas vir behandeling ingevolge reël 11(4).

Gedateer te ....., op hede die ..... dag van ..... 20 .....

.....

Applikant of prokureur

Aan: (1) .....

(Respondent)

.....

.....

.....

(Adres)

(2) Die Griffier van bogenoemde Hof

.....

Bylae 2

GELDE

	R
Indiening van enige petisie (uitgesonderd die eerste dokument)	10, 00
Indiening van 'n antwoordende beëdigde verklaring (elk)	10, 00
Indiening van 'n kennisgewing van appèl of teenappèl (elk)	15, 00
Bevel van die Hof wat verlof om te appelleer toestaan	15, 00
Vir 'n Griffiersertifikaat oor gewaarmerkte afskrifte van dokumente (elk)	1, 00
Taksasie van enige aangeleentheid	25, 00

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001
Publications: Tel: (012) 334-4508, 334-4509, 334-4510
Advertisements: Tel: (012) 334-4673, 334-4674, 334-4504
Subscriptions: Tel: (012) 334-4735, 334-4736, 334-4737
Cape Town Branch: Tel: (021) 465-7531

Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaatsak X85, Pretoria, 0001
Publikasies: Tel: (012) 334-4508, 334-4509, 334-4510
Advertensies: Tel: (012) 334-4673, 334-4674, 334-4504
Subskripsies: Tel: (012) 334-4735, 334-4736, 334-4737
Kaapstad-tak: Tel: (021) 465-7531